

2018 Volksvergadering Referaat:

Wat is die uitvoerbaarheid van vryheid, gelykheid en broederskap in 'n demokratiese stelsel?

29 September 2018

Leberte, Egalite, Fraternite!

Die slagspreuk “Vryheid, Gelykheid en Broederskap” kan vandag seker verklaar word om die hart van die moderne westerse demokratiese politieke stelses te wees. Om die slagspreuk te verstaan moet ons dalk net so bietjie terug kyk om te sien waar dit vandaan kom. Meeste mense sal die ontstaan daarvan aan die Franse Rewolusie toedig.

Die Franse Reolusie het geduur van min of meer vanaf Mei 1789 tot November 1799. Dit was inderdaad 'n onstuimige tydperk in die moderne Franse geskiedenis gewees met seker een van die bekendste simbole daarvan, die guillotine. Hierop, het nie net Koning Louis die 16de en sy vrou Marie Antoinette gesterf nie, maar ook vele van die revolusionêres self.

Die Historiese konteks:

Maar om die slagspreuk dalk in sy diepste vorm te verstaan moet ons dalk net n vinnige terugblik neem waar die gedagte vandaan kom om dit beter te verstaan.

Die mensdom se geskiedenis kan rofweg in 4 dele verdeel word nl. die pre-histories, die Klassieke Antieke Periode, die Middeleeue, en die Moderne Typerk. Die durasie van die typerke is nie heeltemal in beton gegiet nie maar almal stem min of meer saam dat die tydperke min of meer soos volg ingedeel kan word:

1. Pre-histories typerk wat van die begin van tyd duur, tot en met, die aanvang van die Klassieke Antieke Typerk.
2. Die Klassieke Antieke Typerk het geduur het vanaf +/- die 8ste eeu VC tot die 5de of 6de eeu NC. Heelwat het in die tydperk plaasgevind soos:
 - die ontdekking van kuns om te kan skryf,
 - die Griekse era,
 - die opkoms van die Romeinse Ryk, die einde daarvan
 - en die opkoms van die Christendom.

3. Die Middeleeue het geduur het vanaf die einde van die Klassieke Antieke Typerk tot ongeveer die 15de Eeu NC. Hierdie typerk was grootliks oorheers deur die Roomse Katolieke Kerk en later die ontstaan van die Protestantse beweging en die gepaarde gaande vergrype en gevegte daarmee saam, waarmee die meeste van julle hier vertrouwd is mee.
4. Daarna het die Moderne Typerk gevolg.

Elkeen van hierdie typerke het weer hulle onderskeie onderverdelings gehad en dikwels het sulke tydperke met sy onderskeie voete in agtereenvolgende tydperke gestaan. Sulke tydperke het dan elk hulle besonderse impak op die geskiedenis gehad.

Wat vir ons belangrik is met betrekking tot vandag se onderwerp, is die ontstaan van die gedagte wat gelei het tot “Vryheid, Gelykheid en Broederskap”.

Teen ongeveer die 1ste eeu VC het die Romeinse Ryk tot stand gekom en tot ongeveer die 5de eeu NC bestaan. Een van die groot gedagtes van die Romeinse ryk was die konsep van ‘n universele staat, onder leiding van een opperheersende goddelike-aangestelde heerser nl. die keiser.

Hierdie gedagte het met die Christendom verenig en selfs na die verdwyning van die Romeinse Ryk het gedagte voortbestaan in die westerse denke. Die gedagte het in Konstantinopel bly voortbestaan gedurende die Middeleeue. Die Keiser van die Bisantynse Ryk (die latere naam vir Konstantinopel) se titel was “God's Vicegerent on Earth” ofte wel “God se afgevaardigde op Aarde”.

Die spore van die Romeinse Ryk kan vandag nog gesien word in die Pousdom en die Katolieke Kerk. In die klassieke tydperk was die Romeinse Keiser se titel die van “Pontifex Maximus” dieselfde titel wat die Pous vandag nog dra.

Die ontstaan van die gedagte:

Die Renaissance-idee dat die “klassieke Romeinse deugde” onder die Middeleeue verlore gegaan het, was veral kragtig in die Europese politiek van die 18de en 19de eeu. Eerbied vir Romeinse republikeinisme was sterk onder die grondleggers van die Verenigde State en die Latyns-Amerikaanse revolusionêres. Die Amerikaners het hul nuwe regering as 'n republiek beskryf (van res publica in Latyns) en het dit 'n Senaat en 'n President (ander Latynse termes) gegee, eerder as om beskikbare Engelse terme soos die gemenebes of die parlement te gebruik. Gaan loop deur Washington D.C.

en gaan sien hoeveel marmar geboue wat soos Roomse Tempels lyk daar is, en jy kom onder die besef hoe diep hierdie gedagtes in die VSA gevestig is.

In die 18de en 19de eeu nC was die eerbied vir die klassieke oudheid in Europa en die Verenigde State veel groter as vandag. Respek vir die oudstes van Griekeland en Rome het die politiek, filosofie, beeldhoukuns, literatuur, teater, opvoeding en selfs argitektuur en seksualiteit beïnvloed.

In Edgar Allan Poe's se woorde: "The glory that was Greece, the grandeur that was Rome!"

Die Renaissance en wat dit beïnvloed het:

Die Renaissance is 'n periode in Europese geskiedenis wat die periode dek tussen die 14de en 17de eeu nC en word beskou as 'n voortsetting van die Middeleeue. Die oorsprong daarvan was in Italië en het later ook na die res van Europa versprei.

Die intellektuele basis van Die Renaissance was sy eie ontdekte humanisme wat afgelei was van die Romeinse "Humanitas" wat beteken "menslike natuur, beskawing en vriendelikheid".

Volgens die historikus Peter Gay, het die agttiende-eeuse Franse filosowe van die "Verligte Era" (Engels "The Age of Enlightenment") simpatiek gestaan teenoor Marcus Cicero se eklektiese Stoïstiese-idees van 'n nie godsdienstige staatsbestel. Cicero het die "Humanitas" soos volg omskryf:

"Dit het die mens se belangrikheid as 'n verfynde en goed opgevoede wese erken, self in beheer van sy morele heelal. Die man wat humanitas beoefen, is vol vertroue in sy waarde, hoflik teenoor ander, ordentlik in sy sosiale gedrag en aktief in sy politieke rol. Hy was ook 'n man wat die lewe met moedige skeptisisme in die gesig gestaar het. Hy weet dat die troos van populêre godsdienste vir meer goedgelowiges wesens as homself is, dat die lewe onseker is, en dat stewige pessimisme beter is as selfbedrieglike optimisme. Die mens word mens soos hy homself verfyn; hy word selfs Goddelik."

Pliny skryf "Om die mens te help, is die mens se ware God"

Cicero het die Romeinse idee dat welwillendheid 'n eienskap van "Humanitas" is onderskryf. "Humanitas" as welwillendheid is een van die hoekstene van Vrymesselary se credo.

Min of meer gelyklopend met die Renaissance tydperk was die "Era van Ontdekking". In die era is uitgebreide ekspedisië onderneem om die

onbekende wêreld te verken en nuwe vastelande te ontdek. Dit was inderdaad die begin van globalisme.

Dit was ook die era van kolonisasie en die vestiging van globale handelsbelange. Die gevolge daarvan op Europa was redelike diepgaande sosiale veranderinge. Soos die opkoms van 'n middelklas maar ook wydverspreide inflasie wat armoede aangevuur het deur onder andere lae salarisse, stygende lewenskoste, plaaslike industrieë wat skade gelei het weens die invloei van produkte van buite Europa ens. Die ooraanbod van silwer het gely o.a. tot die eerste bankrotskap van Spanje.

Die “Era van Verligting” is die oorbrugingstyd tussen Die Renaissance en die moderne geskiedenis. Geskiedskrywers plaas die begin van die “Era van Verligting” in 1620's met die begin van die wetenskaplike revolusie. Die filosofie van hierdie tyd het idees versprei d.m.v. wetenskaplike instansies, Vrymesselaars losies, literêre salons, koffiehuisse, boeke en pamflette.

Die denkwyses van die Verligtes het die bestaande monargie en kerklike gesag ondermyn en die weg gebaan vir die rewolusies van die 18de en 19de eeu. Die “Era van Verligting” het 'n verskeidenheid idees ingesluit wat gebaseer was op die “Rasionalisering en Denke” as die primêre bron van gesag en legitimiteit. M.a.w. die klem het verskif vanaf 'n Skeppersorde deur 'n Alamgtige Wese na 'n posisie waar die mens inderwaarheid sy eie god is d.m.v. redenasie en denke en in beheer van sy eie lot.

Idees soos vryheid, vooruitgang, verdraagsaamheid, broederskap, 'n konstitusionele regering en die skeiding van kerk en staat was bevorder. Onder die verligtes was daar die gematigdes maar ook die radikales.

Idees soos demokrasie, individuele vryheid, vryheid van spraak en die uitroei van godsdienstige autoriteit was kenmerke van die radikale verligtes.

Teen die middel van die 18de eeu was Parys die middelpunt van 'n ontploffing van filosofiese en wetenskaplike aktiwiteite. Die leier filosofe was Voltaire en Jean-Jacques Rousseau, ens. wat die doktrine van “Rede” bo die van die “Geloof” en die “Katolieke Doktrine” geplaas het.

Die Franse Rewolusie gee geboorte aan die slagspreek:

Dis teen die agtergrond dat die Franse Rewolusie sy beslag gekry het. Europa, en Frankryk veral, was min of meer in politieke chaos met die beslag van die Franse Rewolusie. Tradisionele gesagstrukture is uitgedaag, ondermyn en vervang.

Gegewe die vergrype van die Katolieke Kerk, die opkoms van die Humanisme, die kwyn van die invloed van godsdiens en die armoede

enongelykhede wat bestaan het in Europa tussen die verskillende klasse, is dit voor die hand liggend dat die tyd ryp was vir rewolusies. Die uitbreek en sukses van die Amerikaanse Rewolusie het verseker bygedra tot die impetus dat Europa sy bande van ouds moet afgooi en 'n nuwe "vrye" toekoms tegemoet moet stap.

Frankryks se ekonomiese krisis weens o.a. die inmenging by die Amerikaanse Rewolusie en 'n sisteem van regesiewe belasting (wanneer die belasting koers daal maar die belasbare basis vergroot word) het sy tol geëis en armoede was aan die orde van die dag. Regesiewe belasting tref gewoonlik die armes swaarder as die rykes want hulle het minder hulpbronne.

Die impak van die Franse Rewolusie was verreikende sosiale en politieke omwentelinge, die omverwerping van die monargie van koning Louis XVI en die totstandkoming van 'n sekulêre en demokratiese republiek vir Frankryk.

Verreikende sosiale verandering het die tydperk na die Franse Rewolusie gekenmerk, waaronder die vestiging van die sekulêre westerse staatsmodel sekerlik die diepste impak gehad het. Met die vestiging van hierdie model was die staat en kerk effektief geskei. Monargie is of totaal tot 'n einde gebring of afgegradeer na die van sermoniële rolle in die samelewing. Die bevryding van slawe, die opkoms van vroueregte ens is enkele van die gevolge van die gedagte.

Die term "*Leberte, Egalite, Fraternite!*" was in algemene gebruik tydens die rewolusie en in sy Desember 1790 toespraak oor die organisasie van die nasionale wag stel Maximilien Robespierre voor dat die slagspreuk op uniforms en vlae aangebring moet word. Die voorstel is egter nie aanvaar nie.

Met die konstitusie van 1848 word die motto gedefinieer as 'n "beginsel" van die Republiek. Die 1946 en 1958 Konstitusie van Frankryk het dit ook bevat.

Die Verenigde Nasies se "Universal Declaration of Human Rights" wat op 10 Desember 1948 aanvaar bevat inderdaad ook hierdie elemente.

Artikel 1 van hierdie deklarasie:

"All human beings are born free and equal in dignity and rights. They are endowed with reason and conscience and should act towards one another in a spirit of brotherhood."

Duidelik bevat dit elemente van Cicero se "Humanatis"

Die primêre dryfkragte

1. Die mens as oppergesag.
2. Geen diskriminasie op watter gronde ookal
3. Hiërgielose samelewing waar almal gelyk is
4. Verantwoordbaar slegs aan die reg, wat dit ook al mag beteken op n gegewe tydstop

Suksesse en mislukkings.

Demokrasie het sy voorstanders en teenstanders, daarom sal voorbeelde van suksesse en mislukkings verskil ahangende vir wie jy vra. Oor die algemeen word die westerse lande voorgelou as suksesverhale. Dan is dit so dat o.a. Afrika gesaai is van voorbeelde waar demokrasie nie vryheid, gelykheid en broederskap werklik tot stand gebring het nie.

Inderdaad was groot voorstanders van demokrasie nie noodwendig die groot uitvoerders daarvan as hulle eers die mag deur demokrasie verkry het nie.

In 1859 publiseer John Stuart Mill sy werk “On Liberty” wat handel het oor die aard en beperkings van die mag wat regverdig uitgeoefen kan word deur die samelewing op die individuele lid daarvan.

Soos ek in my historiese konteks van die ontwikkeling van die westerse demokrasie probeer aandui het was die gedagte dat die demokrasie deur konsepte soos vryheid gelykheid en broederskap ten doel gehad het om die burgers te beskerm teen die tiranie van die aheersers. Inderdaad was dit wat bedoel was met die term “liberal” aanvanklik. Die gedagte was om weg te doen met ‘m heersersklas wat hulle mag verkry het of deur of oorerfing of deur verowering. Soos sake gestaan het kon hierdie heersers hulle magte teen hul vyande gebruik maar was daar geen beperkinge om te keer dat daardie selfde magte teen die waaroor hulle heers te gebruik nie.

Die doel van die aanvanklike liberale beweging was om beperkinge te plaas op die mag wat n heerser op sy onderdane mag gebruik. Die twee weë waarlangs hierdie doelwit verkry moes word was eerstens om ‘n stel reëls of regte daar te plaas wat ten doel gehad het om sekere vryhede of regte te verskans wat, indien die heerser genoemde regte of vryhede skend as ‘n oortreding van sy magte beskou kon word. Hierdie was die eerste fase van demokrasie.

Die tweede fase was om sg. “checks and balances” in te bou deur ‘n konstitusionele konsensus proses waar die orderdane die mag gegee word om hulle belang te verteenwoordig. Hierdie was n belangrike gedagteverandering in die politieke proses want dit sou beteken dat die heersers in belang van

hul onderdane moes regeer. M.a.w. die belange en wil van die heerser is die belange en wil van die waaroor geheers (nasie) word.

‘n BAIE belangrike gevolg van die proses was dat die nasie nie beskerm hoef te word teen sy eie wil nie. Of anders gestel daar was dus nie n moontlikheid dat die nasie tirannie teenoor homself sou pleeg nie. Daarom kon die mag oor die nasie toevertrou word aan diegene wat deur die nasie self aangetel word.

Dit is duidelik dat die eerste fase van vryheid ten doel gehad het om die orderdane te beskerm teen hulle heersers . In die tweede fase het die vryheidsbegrip verander om te beteken dat die nasie die vryheid gehad het om self diegene wat oor hom moet regeer aan te stel oor.

Die idee was ‘n soort “eie-regering”. Die probleem is dat die persone wat die mag uitoefen nie altyd dieselfde persone is waaroor die mag oor uitgeoefen word nie. Die eie-regering is nie een van waarin elkeen oor homself regeer nie maar een waarin elkeen regeer word deur die res.

Dit volg logies dat die wil van die meerderheid dan die norm gaan wees waarvolgens regeer gaan word. Die wil van die meerderheid is egter ook “vloeibaar” daarin dat dit wat op ‘n gegewe tydstip as of aanvaarbaar of ‘n taboe beskou word nie noodwendig op ‘n ander tydstip in dieselfde lig gesien sal word nie.

In hierdie konteks is die beperkinge wat op die magte van regerings oor die individie geplaas word van uiterse belang. Die probleem is dat hierdie beperking deur die wil van die meerderheid vasgestel en uitgeoefen word.

Mill verwys hierna met die bekende frase van “Die tirannie van die meerderheid”. Tereg lig Mill uit dat hierdie tiranie geimplimenteer word deur die uitvoering daarvan deur die openbare owerhede of instrumente vn die staat.

Met tyd kan hierdie owerhede vervang word met ander owerhede wat waarskynlik ook die belange van die meerderheid dien. ‘n Bose kringloop kan egter duidelik hier geeien word, waar die gesigte van die heersers of partye wel mag verander, maar waar so 'n verandering van persone of partye die aandag aflei van die spesifieke soort politieke sisteem wat veranker word met verloop van tyd soos die verskillende politieke entiteite kom en gaan.

M.a.w. alhoewel die persone of partye wat die mag uitoefen mag verander word daar n diepere reg gevestig wat nie noodwendig op die oog af sigbaar sou wees nie maar met verloop van tyd veranker word in die politieke sisteem. Hierdie verankering is nie noodwendig sigbaar omdat die “skyn” van verandering die indruk mag wek dat die poltieke sisteem lewendig en

aanpasbaar is maar inderdaad eintlik stadig maar seker besig is om te verstar rondom sekere elemente.

Hierdie “tiranie van die meerderheid d.m.v van die openbare gesags-strukture en/of instrumente van die staat” beskou Mill as die derde fase van demokrasie.

Mill beskryf die finale stadium van die demokrasie as die ekstensie van die derde fase van demokrasie. Die vierde fase van die demokrasie is egter waar die openbare gesags-strukture en/of instrumente van die staat gestap word en verwys hy hierna as die “self-tiranie van die samelewing”. Die stap beteken dat die metodes van tiranie nie beperks is tot dit wat dit by magte is om te doen deur die openbare gesags-strukture en/of instrumente van die staat nie. M.a.w. die tiranie stap die “checks en balances” wat in die instrumente van die staat ingebou is. In hierdie stadium van die demokrasie word die samelewing geëien as ‘n entiteit wat die vermoë besit om op persoonlike vryhede inbraak te maak d.m.v. “die tirannie van die heersende mening en gevoel”.

Dit is nie verbasend dat hierdie fase van die demokrasie kronologies geskied na die vorige fase waar die kiesers stadig maar seker gewoon geraak het aan die idee dat die verandering van ‘n politieke persoon of party aan bewind ‘n geregverdigde soort politieke verandering is. In plaas daarvan om te fokus op die vraag of die toestemming van die meerderheid mense wat stem as die grondslag vir die totstandkoming van politieke outoriteit, rasionaal genoeg is om aan te neem dat alle mense in 'n samelewing aan so 'n gesag moet onderwerp.

Universele stilswyende onderwerping aan mag word dus aanvaar en gewild gemaak op 'n politieke vlak, wat geleidelik oorspoel na die samelewing, waarin dieselfde soort 'demokratiese' rasionaal ontstaan nl.:

Mag word gevestig op grond van die idee dat die meerderheid in beheer is, en dat die meerderheid geen ander regverdiging nodig anders as homself nie.

Mill merk tereg op dat hierdie vorm van meerderheids tirannie een van die ergste vorms van tirannie is wat bestaan.

Die samelewing voer dan sy eie mandate uit in stede van dit wat reg en regverdig is. Verder op grond van hierdie eie opgelegde mandate meng die samelewing in op gebiede waar dit geensins behoort in te meng nie. Ek dink die voorbeelde hiervan in ons huidige staatsbestel is, nie net hier ter plaaste in SA nie, maar in AL die westerse demokrasies is legio. Dink maar in die inbraak op die regte van die ouer oor sy kind as maar een voorbeeld.

Mill meld verder dat hierdie “sosiale tirannie” meer formidabel is as baie soorte van politieke onderdrukking aangesien, hoewel dit nie gewoonlik deur uiterste swaar straffe gehandhaaf word nie, laat dit minder ruimte om vanaf te ontsnap, penetreer dit dieper in die besonderhede van die lewe en verslaaf dit die siel self.

Ongelukkig is Mill se waarskuwing dat ‘n meganisme ingebou moet word waarmee die “sosiale tirannie van die heersende opinie en gevoel” gekeer kan word in die wind geslaan. Dis so duidelik soos daglig dat die huidige neoliberale wêreld waarin ons leef presies die uitvloeisel was van dit waarteen Mill gewaarsku het.

Mill gaan verder en identifiseer akkuraat dat die media die instrument waarmee die sosiale tirannie versprei sou word:

“the mass do not now take their opinions from dignitaries in Church or State, from ostensible leaders, or from books. Their thinking is done for them by men much like themselves, addressing them or speaking in their name, on the spur of the moment, through the newspapers”

Hy meld dat die era van die koerante, die telegraaf, die spoorweë die tegnologie gebring het waarmee die gedagte van “die gewilde opinie en gevoel” tot gevolg sal hê dat die aanname dat “meerderheids regering die regverdiging genoeg is vir universele onderwerping aan die politieke mag as die norm aanvaar sou word.

Aan die begin het totale mag aan die heerser behoort, daarna was valslik geglo dat die mag gedeel word tussen heerser en onderdaan. Die fase daarna het hierdie persepsie probeer regstel deur die onderdane in beheer te plaas, terwyl die 4de fase die tirannie van die leier in die eerste fase vervang het met die sosiale tirannie van die meerderheid. ‘n Bose sirkel is voltooi maar een waar die meerderheid salig ongereg is dat hulle die tirannie geword het waarteen gewaak moes word.

Ten Slotte

ALLES wat ek hier beskryf het gebeur onder die vaandel van Vryheid, Gelykheid en Broederskap in 'n demokrasie. Ek dink dit is voor die handliggend dat WARE Vryheid, WARE Gelykheid en WARE Broederskap nie volhoubaar uitvoerbaar is in demokrasie nie. Die natuurlike neiging om te neig na die “sosale-tirannie van die meerderheid” sal verseker dat Vryheid, Gelykheid en Broederskap elkekekeer die onderspit sal delf in 'n samelewing wat sy reëls en regulasies opstel volgens die wil van die tirranie van die meerderheid.

Ter nagedagtes:

Daarinteen staan die “Teokratiese Volksgesag” waar die wil van die Almagtige die basis bepaal waarop die politieke mag in die volk uitgeoefen en waarop die uitvoering van daardie beoordeel word.

Vaste onveranderlike meetbare reëls bestaan waarvolgens geoordeel kan word of die wat in beheer is hulle magte verantwoordelik uitoefen en of hulle genoemde magte misbruik.